



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 11 November - Hebreërs 9 : 24 - 28

Stilword en aanbidding: Kom tot rus by die Here wat ons lewenshuis bou en die geestelike stad beskerm (Ps 127:1). Ontvang die versekering van God se ondersteunende genade in julle lewe. Sluit aan by Psalm 127 vir die openingsgebede.

Woord: Lees Hebreërs 9:24-28. Hebreërs 9:23-28 beklemtoon die volmaaktheid en uniekheid van die nuwe verbond erediens. "Christus ... het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn" (24). Hy het net een keer verskyn om deur Sy offer die sonde weg te neem (26). As Christus 'n tweede keer verskyn, bring Hy verlossing vir wie Hom verwag (28). Die Hebreër-prediker wil juis dit by ons tuisbring: Jesus se offerdood was eenmalig, uniek, eens-en-vir-altyd-algenoegsaam. Jesus is eenmaal gekruisig en dit moet en kan nooit weer herhaal word nie. Dink enkele oomblikke hieroor na.

Gesprek

1. Ons Verlosser het die hemel ingegaan. Hebreërs 9 stel die hemel voor as heiligdom waarin Christus Homself as offer aanbied. Daardeur neem Hy die sonde van baie weg (28). Julle kan weer Christus se offer omhels en daaruit leef. Deel met mekaar wat dit op hierdie oomblik beteken. En hoe ons daarop kan reageer.
2. Hebreërs 9:26b en 28abeloof Christus se offer het ons sonde weggeneem. Ons is vergewe! Nou kan ons as verlose mense ander met genade aansien. Wat 'n heerlike uitdaging en opdrag. Kom ons gesels oor hierdie soms moeilike saak om ander te vergewe. Waarmee sukkel ons die meeste?
3. Sommige van ons word deur skuldgevoelens geteister, of daar is dinge uit ons verlede wat by ons bly spook. Baie mense kry die soort nagmerries nie afgeskud nie. Hoe sal julle sulke mense help uit die Hebreër-prediker se beskrywing van die kontras tussen die herhaaldelike offers van die ou bedeling en die eens-en-vir-altyd-karakter van Jesus se offer?
4. Drie keer word die uitdrukking 'een maal' gebruik in verse 26-28. Vind redes waarom so baie mense hulle toevlug neem tot 'n verhouding met God wat op hulle eie verdienste en prestasie berus?

Geloofsgewoonte: Die geloofsgewoonte van deernis leer ons om met die pyn en swaarkry van ander te identifiseer. Kies 'n lewe van offer. Christus het deur sy offer die oordeel op Hom geneem. Christus se hart is deur die sonde van mense geroer.

Afsluiting: Sluit die byeenkoms af met die fokus op die betekenis van Jesus as Verlosser. Ons leer in die Ou Testament van die praktyk van die lossing (Rut 3:1-5; 4:13-17). Die gebruik was gerig op die sosiale insluiting van 'n weduwee. Dit het as't ware vooruit gewys na Christus wat sondaars ingesluit het in God se genade. Dank God vir Christus se insluitende verlossingswerk. Bid dat God julle sal help om randfigure in julle samelewing nader te trek na God toe.